# Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

### LUUKSE FOKUSPUNT

Is jy reg om jou sitkamer se dekor 'n nuwe, weeldevoorkoms te gee? Die Barkly-bank in beesleer sal jou asem wegslaan, en as jy verkies om dit eerder met lap oor te trek, word dit 'n wonderlike bron van kleur en tekstuur in jou dekor. Dis die perfekte fokuspunt, een wat elke styl sal pas. Kry dié voorkoms en meer aanlyn by incanda.co.za, of besoek enige van hul ses vertoonlokale waar jy die bank kan besigtig en ander perfekte stukke vir jou unieke huis kan uitsoek.



### LIG VIR ELKE SPASIE

Op soek na die perfekte gloeilamp vir dekoratiewe ligte? Kies bekoorlike vlamvormige Candle Globes (5W, 400 lumen) van Eurolux. Dit het 'n 15 000-uur-leeftyd en 'n kleurtemperatuur van 3 000 Kelvin, wat dit 'n warm wit gloed gee. Of oorweeg die Square Surface Mounted Downlight (*foto*) met sy sterk, gestruktureerde vorm vir ruimtes waar die hooffokus op doeltreffendheid is, soos kombuise en tuiskantore. Die wit lig werk net so goed in 'n galery, kantoorgebou of kommersiële ruimte. Alles beskikbaar by Eurolux.



### TUISTE VAN DIE TOEKOMS

Ontdek Whirlpool se 6th SENSE-skottelgoedwasser met PowerCleanPro. Die 6th SENSE-tegnologie bespeur die vlakke van vuilheid danksy slim sensors en pas die wassiklus daarvolgens aan – wat jou tot 50%* water en krag kan bespaar. PowerCleanPro-tegnologie verseker silwerskoon skottelgoed sonder 'n voorafwassiklus, selfs by aangebrande potte.

* Gegrond op interne toetse.



### GASTEHUISGEHALTE



Gesofistikeerde eenvoud teen bekostigbare pryse – dis wat Room Service jou bied met hul keurige versameling duvets, kussings, beskermers en beddegoed wat in Kaapstad vervaardig word. Hul produkreeks sluit bypassende dekorbykomstighede in wat sorgvuldig uitgesoek is met die oog op gehalte, styl en bekostigbaarheid. Koop aanlyn by roomservicehomeware.co.za of besoek die winkel by Eppinglaan 183, Leonsdale, Kaapstad. Skakel 021 933 9866 vir nog inligting.

### CLOVER CLASSIC FAT SPREAD

Clover Classic Fat Spread is die ideale veelsydige, alledaagse smeer met 'n tikkie Clover Cream. Gebruik dit as 'n smeer, om mee te bak of te kook. Jou gesin sal dol wees oor die wonderlike smaak! Mama Bake spog met 'n donsige tekstuur en romerige smaak, perfek vir al jou bakbehoeftes. Clover Classic Spreads is te kry in 500 g-blokke, 500 g- en 1 kg-bakke; Mama Bake kom in 'n 500 g-blok vanaf R21,99. Kyk uit daarvoor by vooraanstaande kleinhandelaars en geriefswinkels landwyd.




### CLOVER CLASSIC MAYONNAISE

Gladde, smaaklike Classic Mayonnaise kom in drie pikante variasies – sag, matig en sterk. Daar is dus een vir elke smaak! Classic Mayonnaise bevat ook 10 bygevoegde vitamiene. Dit is by vooraanstaande kleinhandelaars en geriefswinkels landwyd te koop in 'n 750 g-fles.

